We parked the car beside a big tree, and, while waiting for Mr. Higgins to come, Charlene and I were much entertained by the crowds of naked children who had come to show their friendliness. Charlene gave them presents of pictures she had cut out while I amused them with raisins, which they were almost afraid to eat.

When it was time to depart and as our car moved away all waved their hands with the shout of "hombe gushle" (good-bye or go nicely) and we were on our way home again.

In spite of the intense heat and the insistent flies, we were able to enjoy our lunch and spend some time reading under some shady trees by the roadside. On our homeward journey we stopped to see old chief Melavo who is dying from tuberculosis and lives in a small native village not far from the mission. His people are living in heathenism without the love of God. I wish you could have seen the dirt and filth in that village that afternoon. I sometimes wonder how they manage to keep so many children until they grow up. I suppose it is "the survival of the fittest." Our car was surrounded again with a dozen or two of the most abominably filthy youngsters you ever saw. We were kept busy fighting the flies and watching the expressions on the faces of the children. Finally the car headed homeward. O what relief and joy! How cool and clean our little mission home seemed and how thankful we were for good warm water and soap! Even Charlene did not object to her bath that evening.

If you could go with us on just one trip you would surely be able to answer "yes" to the question, "Do Missions Pay?" for you would all see, as we do, how they respond to

the message and how it cleans their hearts and homes and bodies, and how it changes their lives. It is worth all the little sacrifices we make in the mission field to see the changes wrought by the transforming power of the gospel.



Congo Camp-meetings

C. W. CURTIS

As the camp-meeting season is nearing its close here in the Congo we will pass in a partial report of the same. We were glad to have Elder J. I. Robison with us for two of our meetings, one at Elisabethville and the other at Kikamba Mission, near Kongolo. At the Songa Mission Elder W. R. Vail assisted the writer. The meeting there was a very good one, though not quite so large in attendance as the previous year. There was, however, an unusual spiritual atmosphere about the place, which would be quite noticeable to those who attended some of the former meetings at this mission. The Balubas have been a wild and almost unconquerable race, but light is breaking and they are becoming more receptive to the gospel, the local workers all gave excellent help in the meetings and daily Bible studies were conducted for the mission families. Sixty-eight were baptised at this meeting.

During the month of August, meetings were held at Kipushi and Mokambo. Kipushi is a mining centre and one of the few places the depression has not hit so hard. It is the richest copper section of the Congo, if not in the world, and has continued to operate. We have an evangelist located there who works among the people at the mines and in the surrounding villages, some of the latter are in the Congo and some in North Rhodesia. Elder Vail, with his family and my family went out there and camped among these people and we had splendid meetings together. We found some here who had first received the truth as far back as 1924 and who had struggled on as best

they could in their heathen villages holding up the light of truth. Seventeen were baptised at this meeting.

Mokambo is down in the Sakania territory where we had a very good work going a few years ago. We have met with much opposition from the Catholic missionaries down in that section. They claim to represent what they call the national church and our workers and believers in that locality have been intimidated and even persecuted in several instances. In spite of the opposition, the work has moved forward, and today we have a church of 141 members there. They are scattered throughout many villages and we find that they meet and have their Sabbath school in the village whether there is a teacher with them or not. We only have three men working as teachers in that whole area. There were twenty-three baptised at this meeting. Following the baptism, the Lord's supper was celebrated; Brother George Hiten assisted at this meeting.

Our work is scattered over a large territory and our workers are few; nevertheless the Lord is truly blessing the efforts put forth. Pray for the work in the Congo.

* *

Songa Mission Medical Work

C. W. CURTIS

WHILE attending the camp-meeting at the Songa Mission I had the opportunity of observing the work that is being done at the hospital and dispensary. Doctor Morel and his wife are extremely busy and seem very happy in their field of labour. They are assisted by Miss Lydia Delhove, who has so faithfully carried on the work since Dr. J. H. Sturges left in December, 1930.

All available space for patients was filled to overflowing both in the village for the sick and in the hospital; in fact there was a waiting list of surgical cases because of lack of room for them. Some come from a distance of seventy-five miles or more to receive treatment. I was glad to note that not only the bodily ailments were being treated but an earnest effort was being put forth to lead these sin-sick souls to the Fountain of living waters. Bible studies were being held with the patients and when some case came in that seemed past human aid, the matter

was taken to the church where united prayers were offered on behalf of such cases. In one case especially, where the temperature had risen to almost an unheard of degree, almost immediately after prayer had been offered the temperature came down and the woman recovered. She and her friends thank the true God who worked so mightily in her behalf.

A native policeman, having pneumonia severely, was sent in from the administrator's camp. Some time after his recovery and return to his duties, he was dispatched seventy-five miles away to bring a prisoner. He walked several miles out of his way in order to come past the mission as he wanted an injection to give him strength so that he could "bring this bad prisoner."

Truly the Lord is blessing the medical missionary work in the Congo and we believe that many souls will be in the kingdom through the efforts put forth in this line.

"WHY PRAY?"

During the first quarter of 1933 the Sabbath school lessons will be on the subject of prayer. A little book, entitled "Why Pray?" has been prepared by Professor Wood, of Emmanuel Missionary College, as a lesson help. This little book will be a splendid aid to the study of these important lessons and should be in the hands of both teachers and students in all of our Sabbath schools. Those desiring copies should send in their orders at once so that you may receive the book in time for the beginning of the quarter. Price 1/6, post free. Order from your Book Depository.

Cape Conference

L. L. Moffitt President
Miss P. E. Willmore, Secy.-Treas.

Box 378, Port Elizabeth, C. P.

Religious Book Depository Notes

WILL all our members in the Cape Conference please note that our stock of Morning Watch calendars for 1933 has arrived. The price of the Morning Watch calendars, plain, has

been raised to 4d. The price of the de luxe edition will remain at 9. In placing your order with the depository please be sure to remember this. Also, will you please send your orders in at an early date so as to save disappointment.

A small stock of Home Missionary calendars for 1933 has also been received. All those requiring these calendars should place their orders immediately. Price 2/-.

Remember that we have a nice selection of young people's books. Write for a price list.

Do not forget our recent advertisement regarding the song book, "Joyful Songs for Boys and Girls." This is splendid for children and should be in the home of every family. Price 2/-.

Order from the Religious Book Depository, P. O. Box 378, Port Elizabeth, C. P.

* *

Can You Tell

—WHAT Abraham's seeing Moriah "afar off" and the prodigal's being seen "a great way off" suggest concerning the atmosphere of Palestine?

—To what exact fact of nature or climate Jesus referred when He said, "If God so clothe the grass of the field, which today is and tomorrow is cast into the oven. . . .?"

—What significance there was in Samuel's reminding the people before he prayed for rain that it was the time of wheat harvest?

—Why Palestinian weather depends upon the direction of the wind? Who the Children of the East were?

* *

For Sale

THE opportunity of securing some of our good denominational books, second hand, and guaranteed in good condition, seldom occurs. The following books are available:

"Desire of Ages," "Home Physician," "Patriarchs and Prophets," "Bible Readings," "Great Controversy," "Our Day in the Light of Prophecy," "God's Answers," "Story of Daniel," "Seer of Patmos." Write, "A," 1 Bell Road, Claremont, Cape.

“RED ONS SENDING”

'n Oproep deur die President van die Generale Konferensie

DIE President van die Generale Konferensie het die volgende brief aan elke gelowige in die Verenigde State en in Kanada gestuur. Hy het hulle opgeroep om op die elfde Junie 1932 'n spesiale offerande te gee om “die sending te red.” Vandag nou ons in hierdie Divisie so 'n oproep vir die vyfde November doen, glo ons dat dit u gemoed sal beweeg om hierdie brief van Ouderling Watson te lees. Daarom haal ons hom volledig aan.—DIE EDEUR.

Geliefde Medegelowige;

Die Lenteraad van die Generale Konferensie het my opgedra om u te skryf en die saak waarin ons algar baie belang stel, aan u voor te lê.

Die ernstige vermindering in die inkomste vir die sending gedurende die laaste maande bring die Generale Konferensie voor 'n baie ernstige toestand in ons wêreldwerk te staan. Die Herfsraad van 1931 het die appropriasies vir die sending met tien persent gekort, (dit behalwe nog die ses persent van die vorige jaar), en die lone van die werkers met tien persent. Deur hierdie kortings het ons gehoop om oral ons werk te kan voortsit sonder verplig te wees êrens in die wêreld ons sendelinge terug te roep. Maar om dit te kan bereik sou daar geen verder vermindering in die inkomende sendinggelde moet wees nie. Ek is baie jammer om u te laat weet dat ons verwagtings nie verweselik is nie.... Die inkomste het nie die van die jaar 1931 gelyk gebly nie. Daar was 'n sterk vermindering. Daarom was ook die jongste Lenteraad verplig om die sendingappropriasies weer met nog ag persent te sny en die werkers se salarisse met nog tien persent. Dus binne ag maande het die Generale Konferensie die Buitenlandse Sending met agtien persent en die salarisse van ons werkers met twintig persent moet kort.

Behalwe hierdie trawwe maatreëls het ons oral oor die hele aarde heel wat besuinigingsmaatreëls geneem. Ons pas nog so vinnig as ons kan besuiniging toe.... Die staf van die hoofkwartier van die Generale Konferensie is hersien en verminder so ver dit moontlik was om tog 'n goeie administrasie vir ons wêreldwye werk in hierdie moeilike dae te behou. Maar die vermindering in die inkomste is so ernstig, dat al die bogenoemde maatreëls tot besuiniging en al die besnoeiings die tekort nie gaan dek nie. As daar hierdie jaar geen verder vermindering van inkomende sendinggelde is nie, staan ons nog voor 'n tekort van \$150,000 of £30,000 in ons sending-onkoste. Hou die vermindering van inkomste nog aan, dan word hierdie groot tekort nog groter.

Om hierdie situasie te verhelp doen ons 'n ernstige beroep op al ons mense oral om hul gawes vir die sending deur die Sabbatskool met 'n trippens of meer per week te vermeerder en buitengewone pogings te doen in die Oes Insameling en in al ons ander maniere van geld vir die sending insamel. So alleen hoop ons om nie alleen verder vermindering in ons inkomste te voorkom, maar so moontlik ook 'n substansiële vermeerdering te kry.

Maar selfs dit is nog nie voldoende om ons groot buitenlandse sendingwerk deur hierdie tyd van krisis te bring sonder

verslae te word en selfs 'n stap agteruit te neem nie. Dis duidelik dat ons 'n beroep op ons mense moet doen vir 'n noodhulp offerande in hierdie uur van groot nood in ons werk. Die Lenteraad het dit ingesien en dan ook besluit om aan elke Sewende-dag Adventis in Noord-Amerika te vra om een dollar d.i. vyf sjelings of meer te gee vir die sending-fonds van die Generale Konferensie en op die manier minstens \$50,000 (£10,000) op te bring ten einde ons deur hierdie benarde tye te help. U verstaan seker dit is behalwe nog die gereelde geld wat ons gewoonlik opbring. Ook sal dit gereken word as behorende tot die half-kroon-per-week fonds.

Hierdie brief bedoel om 'n beroep te maak op u opregte en biddende saamwerking ten einde hierdie ekstra bedrag bymekaar te maak.... As elkeen van ons vyftig duisend lede in Amerika hierdie spesiale offerande van een dollar of meer sal gee, sal dit vir die buitenlandse sending die nodige fondse gee om 'n groot aantal van ons sendelinge op hul poste te laat bly. Dis nie moontlik om in een jaar meer te besnoei en te besuinig as wat ons alreeds gedaan het nie. Gaan ons verder en vinniger in hierdie rigting, dan sal dit vertwyfeling bring in die harte van honderde werkers wat ons vër weggestuur het. Dit sou ook verwarring bring op 'n oomblik waar- op kalme en vertrouendheid so nodig is.

Nog nooit het ons so baie siele gewin nie. Nog nooit was daar so baie belangstelling in die boodskap nie. Dis 'n tyd om vorentoe te gaan, nie om terug te staan nie. Dit kannie die wil van die Here wees nie dat ons nou sou ingee waar ons juis vorentoe behoort te druk. Tog staan ons in die teenswoordige krisis voor die baie ernstige feit dat ons nog nooit so naby 'n terugstap was nie as vandag nie. Ons behoort dus ons uiterste bes te doen om dit te voorkom.

.....As u en elke lid van u familie vyf sjelings of meer wil gee, as 'n spesiale offerande op die vyfde November, mag dit nog help om die sendingkragte onaangeroerd te laat bly. Vandag tel vyf sjelings in hierdie werk meer as ooit tevore. Die druk in ons dae is ontsettend. Maar as ons deur genade van die Here ons uiterste bes doen vir Sy saak, sal ons daardie druk kan weerstand bie. Bid tog dat die moed van ons werkers en die geloof van Sy volk nie mag ingee nie en dat die Here se werk oral oorwinnende mag oorwin.

Ons ernstige gebed is dat die Here u met al sy kinders mag seën en dat Hy Sy teenwoordigheid en krag aan u mag bekend maak. Ons dank u vir u hulp. Na broedergoete,

Die uwe,

C. H. WATSON.

Wat sal die komende Sabbat van 5 November bring?

J. F. WRIGHT

Dis die eersvolgende belangrike vraag. Soos alreeds in die Oktober uitgawe van die OUTLOOK aangekon-

dig is, sal daar 'n noodhulp offerande wees om die Sendingraad van die Generale Konferensie ons Sending te help red. Hier in die Suidelike Afrikaanse Divisie sal die offerande op die vyfde November wees. Ons is natuurlik nuusgierig om te weet

wat die resultaat van hierdie oproep in belang van die leë sendingskatkis gaan wees.

Daar sal 'n spesiale program vir daardie Sabbatdiens wees. Elke prediker en kerkbeampte word vriendelik versoek om tog 'n goeie opwek-

kende sendingdiens te probeer hou. Die behoeftes van die saak word in die brief van Ouderling C. H. Watson in hierdie uitgawe goed uiteengesit. Hierdie brief en ander stukke in hierdie nommer van die *OUTLOOK* en in die Sabbatprogram behoort 'n groot indruk te maak op die hart van elke gelowige in die Divisie. Ons vertrou dan ook dat daar 'n blymoedige en gewillige antwoord op hierdie oproep om "ons wêreldwye sendingwerk te red" gaan wees.

Elke lid sal 'n spesiale envelop ontvang om die spesiale offerande van vyf sjielings of meer daarin te sit. Party van ons sal meer, party sal minder kan gee. Maar ons glo dat amper iedereen die voorgestelde vyf sjielings sal kan gee. Hierdie offerande tel vir die halfkroon-per-week fonds en moet gegee word apart van die gewone Sabbat offerande en ander gereelde offerande vir die sending.

Geliefde broeders en susters, mag die Here ons nie alleen 'n gewillige

gees maar ook die middele gee om aan hierdie oproep te beantwoord wanneer die offerande sal gevra word. Ons behoort vorentoe te gaan en nie agteruit nie. U vyf sjielings sal die skatkis van die Generale Konferensie seker help om 'n krisis in ons wêreldwye sendingprogram te voorkom.

Ons glo dat u dit as 'n voorreg sal beskou om in hierdie tyd van nood en van besonder geleentheid om sendingwerk te doen saam te staan "tot die hulp van die Here."

Sewe Redes Waarom Ons Aan Hierdie Buitengewone Oproep Gehoor Gehoor te Gee

Omdat ons moet—

(1) 'n Krisis in Ons Sending-program Voorkom

Die plan van die Here vir Sy werk is *altyd vorentoe*. Geen depressie of sameloop van ongunstige omstandighede kan die bevel van die Here die stilswyse oplê of dit vernietig nie. Die bevel tot Sy volk van die ou dae geld ook vandag: "Wat roept gij tot Mij? Zeg den kinderen Israëls dat zij voorttrekken." Ex. 14: 15. En met groot beswarrings en moeilik-hede voor hulle trek die volk van die Here verder na die hemelse Kanaän. Die planne en bedoelings van die hemel mag vir 'n tyd uitgestel word, deurdat ons nie aan die Here se program beantwoord nie, maar Sy werk sal tog uiteindelik met sukses bekroon word en netnou sal ons die beloofde land bereik.

Die vertrou in die boodskap en die bewilligheid om daarvir op te offer vind ons onder ons mense oor heel Suid-Afrika. Dis baie bemoeidigend. Dit lyk ons doelpunt en ons eenparige begeerte te wees om 'n krisis in ons sendingsprogram te voorkom. Ons kerke en gelowiges deur heel die Unie het tot op vandag hierdie jaar meer vir die Sending gegee as vir die ooreenkomstige tydperk laaste jaar. Het ons mense dan hierdie jaar meer gegee, omdat hul inkomste groter was? Nee—want in amper elke geval was die inkomste baie minder. *Die hele geheim lê in die gees van selfopoffering, erns en gewilligheid wat tot op seker hoogte al ons mense kenmerk.*

Broeders en susters, ons pogings en diens moenie spasmodies wees nie; want ons sal 'n vaste program moet

volg om ons sendelinge op hul poste te hou. Ons moet die teenswoordige en die komende krisis probeer voorkom. Die Gemeente van die Here moet in antwoord op die goddelike bevel *voorwaarts gaan*. Waar ons Sabbat, 5 November, 'n Spesiale offering vra om ons Sendingwerk te red, reken ons op u voortdurende en vrywillige ondersteuning.

N. C. WILSON.

* *

Omdat ons moet—

(2) Die Leë Skatkis vol maak

'n Leë skatkis het 'n ongunstige uitwerking op die verkondiging van die waarheid—die laaste waarskuwende boodskap. Dit het egter al meer voorgekom in die ervaring van die gemeente van die Here. In die verlede het die Leviete deur gebrek aan die nodige hul altare moet verlaat om werk te doen wat vreemd was aan hul heilige roeping. Neh. 13: 10 sê: "Ook vernam ik, dat der Levieten deel hun niet gegeven was; zoodat de Levieten en de zangers, die het werk deden, gevloeden waren, *een iegelijk naar zijnen akker.*"

Ons mag behoorlik navraag doen in hoever die toestand van 'n ledige skatkis bepaaldelik die werk in die Suidelike Afrikaanse Divisie aangetas het. Hier volg die uitwerkings:

1. Herhaalde kortings in die appropriasies vir gereelde werk en as gevolg daarvan besnoeiing van 'n paar werkers.

2. Vermindering in ander rigting soos die Uitbreidingsfondse vir die opbou van die mediese, opvoedkundige en uitgewerswerk.

3. Onmoontlikheid om al die nuwe werkers aan te stel wat ons so nodig het om die werk uit te brei in nuwe plekke wat voortdurend aanvraag doen.

Hierdie toestand van sake verplig ons om ons al ons gedagtes en al ons aandag aan die teenswoordige werk te gee. Ons kan min denk aan verder uitbreiding wat tog heeltemal in ooreenstemming met die aard van ons boodskap is en wat met die oog op die wêreldtoestande tog so dringend noodsaaklik is.

Elke dinkbaar besparing in die goeie gang van die werk het ons onder ernstige bespreking geneem. Die salarisse het afgekom, waar saamsmelting van organisasies moontlik was sonder die goeie gang van die werk te belemmer, het ons dit aan die Generale Konferensie aanbeveel.

Verder kleinere besuinigings is toegepas om ons uitgawes binne die perke van ons inkomste te bring. Besuiniging is heeltemal reg, maar as dit al is, blyk dit onvoldoende, en om die toestand alleen uit hierdie oogpunt te sien is onbestaanbaar met die gees van vooruitgang en van oorwinning wat die derde engel boodskap kenmerk.

Ons werkers het moedig vir die besnoeiings van hul begrotings gestem; want hul harte is in die belange van die werk en hulle het hul lewe gegee vir die verkondiging van die boodskap. Met blymoedigheid het hulle die verantwoordelijkheid aanvaar en hulle sal ondanks die belemmering vorentoe druk. Hulle verdien seker die allerbeste wat ons vir hulle kan gee.

Op eenvoudige manier lê ons die las van ons harte voor ons dierbaar getroue broeders en susters. Di.

roepstem is dringend, die nood is groot. Wat sal u antwoord wees? Die Here reken op u. Hy maak geen ander plan vir voorsiening nie as rentmeesters van die Here laat ons getrou bevind word. Laat ons nie die Here teleurstel nie. Sy vertrou in ons is so groot dat Hy die belangrike verantwoording op ons gelê het om die werk van die Here op die aarde klaar te maak.

A. E. NELSON.

• •

Omdat ons moet—

(3) Die Gees van Selfopofferende Liefde hê

AL te dikwels is ons geneig om in die oproep vir geld alleen die behoefte van die fondse te sien. Bygevolg beantwoord ons ook die oproep daarna. Ons gee eenvoudig omdat die behoefte daar is en die werk dit vra.

Maar daar is nog 'n ander gesigspunt wat ons nie uit die oog moet verloor nie. En dit is ons eie behoefte aan die gees van selfopofferende liefde! Immers die geskiedenis van ons hele werk is by elke nuwe stap gekenmerk deur selfopoffering. Dit het die Tweede Adventbeweging van sy geboorte af gekenmerk. Hierdie gees wat so duidelik in die geskiedenis van die baanbrekers uitkom, behoor meer kenbaar onder ons te wees, namate ons nader aan die verwesenliking van al ons verwagtings kom.

Dis mos ondenkbaar dat enige vorige tydperk in die werk van ons Gemeente sou getuie van 'n groter gees van selfopofferende liefde as juis nou waar die Gemeente van die Here die laaste tonele van die geskiedenis van die aarde aanskou. En wel om hierdie rede dat die Gees van selfopoffering altyd saamgaan met die openbaring van die Here se mag. Immers kan die Here 'n grote werk doen met manne en vroue wat hul lewe, en al wat hulle besit, volkome aan die Here het oorgegee. Immers is die mate van Sy mag in ooreenstemming met die selfopoffering van diegenes deur wie die Here Sy werk doen! Aangesien dit so is, sal ons, wat tot die allerlaaste geslag behoort, dan nie antwoord gee op die laaste roepstem van die Here tot diens en tot daardie mate van selfopoffering waarmee die openbaring van die mag van die Here gepaard gaan nie?

Laat ons, as die kindere van die Here, onself ernstig afvra: Het ons

persoonlik deel aan hierdie gees van selfopofferende liefde? En meen ons dat ons selfopoffering vergeleke by die van die eerste baanbrekers, aanspraak kan maak op die groter openbaring van die krag van die Here wat ons onder ons so nodig is in hierdie laaste kritieke oomblik?

A. FLOYD TARR.

• •

Omdat ons moet—

(4) Verder Besnoeiing Vermy

WAT sou die gevolg van verder besnoeiing in die begroting vir ons beteken? Die afdanking van werkers, die sluiting van dorpskole, die beroving van Sabbatskole en geïsoleerde groepe van hul leiers en bygevolg die verlies van honderde siele wat die boodskap pas omhels het en wat nog verlangend uitsien na verder kennis van die waarheid, terwyl hulle tot die doop voorberei word.

Dit was my voorreg om onlangs 'n besoek te bring aan die Unies van die Zambesi, die Kongo en Midde-Afrika en daar met die broeders hul probleme te studeer. Ek durf nouliks daaraan te dink wat dit vir hierdie velde sou beteken as hulle die volgende jaar opnuut in hul begroting sou gekort moet word. Ek dink nou aan Broeder Monnier in Noord-Ruanda. In daardie grote veld met sy twee duisend siele waarna gekyk moet word, en sy vyftien buiteskole wat geïnspekteer moet word, 'n groot sendingstasie wat onderhou moet word, twee georganiseerde kerke en duisende mense wat vra vir onderwysers—en dit alles met net een Europese familie en net een ongetroude sendingdame om die laste te dra—wat sou 'n besnoeiing vir hulle beteken? Dit sou beteken ontslaan van werkers, groot ontmoediging en verlies van siele in die ewige koninkryk van die Here. Dit kannie wees nie, broeders en susters, want ons sendelinge dra alrede te baie laste en oorwerk hulle, nie alleen in Noord-Ruanda, maar in amper elke veld.

Die Here stort Sy Gees uit in Midde-Afrika. Tien duisendes luister gewillig na die boodskap en duisendes sal dit aanneem, as ons vandag kan ingaan waar die Here die deure in elke veld vir ons oopmaak. Ons sendelinge verlang en bid om die voorreg om nuwe velde te open en hul werk uit te brei. Maar hulle word gesê dat daar geen nuwe werk mag

begin word nie, geen nuwe velde geopen mag word nie.

Ons lees in "Testimonies for Ministers," bld. 297: "Wees versigtig hoe julle die werk in enige plek teen hou! Daar word min genoeg op enige plek gedaan en dis seker nie reg om die sendingwerk in te kort nie." Laat ons ernstig bid vir hierdie werkers in die sendingvelde wat swaar laste dra. En laat ons gee en "gee tot ons dit voel," sodat die werk van die Here spoedig klaar mag wees en ons algar huistoe kan gaan.

J. I. ROBISON.

• •

Omdat ons moet—

(5) Ons Teenswoordige Werk Ophou

IN al my drie-en-twintig jaar in die sendingveld het Sewende-dag Adventiste nog nooit verplig gewees om hul sendelinge terug te roep of hul sendingstasie deur gebrek aan fondse op te breek nie. Ons het al gehoor van ander genootskappe wat dit moes doen; maar ons kon altyd deurkom en selfs in die moeilikste tye hier en daar nuwe werk begin. Dit het ons altyd nuwe moed gegee; want die bevel is om te gaan en aan te hou met gaan totdat die Here Jesus kom.

Maar in hierdie tyd van depressie dreig ons 'n werklike gevaar, selfs die gevestigde werk word bedreig. Ons begrotings is so herhaaldelik besnoei dat party sendingvelde verplig sal wees om van hul skole of stasies te sluit as die toestande nie verbeter nie. Ouderling Watson skryf: "Ons skiet ernstig tekort om die alreeds gevestigde werk op te hou, en met die dag gaan dit moeiliker." Dis seker waar van die werk in die Suidelike Afrikaanse Divisie. Maar dis tog nie denkbaar dat Sewende-dag Adventiste in hul voortgang sou stilstaan, veel minder agteruitgaan nie. Selfs al is daar 'n krisis in die sake van die volke, "by die Here is daar nie so iets as 'n krisis nie," en dus ook nie by Sy volk nie. "Kan ons dit moontlik oor ons hart verkry om ons hand te laat verslap en die werk te laat agteruitgaan?" Ons, as die uitverkorenes van die Here, moet ons teenswoordige werk ophou. Selfs al vra dit ook groter opoffering. Ons het algar vir die saak wat ons dierbaar is, iets opgeoffer; maar nou vra die Here dat Sy volk meer as ooit tevore opoffer om Sy werk op aarde klaar te maak.

In die laaste kampvergaderings in Suid-Rhodesië het minstens sewe naturel onderwysers 'n vol maand se salaris as 'n kampvergadering offerande gegee. Ek weet party van hulle het regtig nie so veel *kan* gee nie, want hulle is maar arm. Maar toe hulle hoor hoe van al kante oor die heel aarde die roepstemme kom, het hulle gegee "tot hulle dit voel." Ek kannie sien dat dit met hulle geldelik slegter staan as met die van hul vriende wat nie so baie gegee het nie. En hulle verheug hul in die gedagte dat hulle 'n bepaalde aandeel in die Here se werk het.

Broeders en susters, die Here roep ons om vir ons sending 'n meer bepaalde opoffering te maak. Laat ons saamstaan met ons Leidsman tot aan die end. Dan sal die werk gou klaar wees en ons huistoe kan gaan.



Omdat ons moet—

(6) Die Onbeantwoorde Roepstemme gehoor gee

EEN van die moeilikste vraagstukke in ons dae is wat te antwoord op die vraag: "Kan u ons nie 'n onderwyser stuur nie; ons wag nou al meer as 'n jaar?"

Vier groot groepe het ons op die laaste kampvergadering met hierdie vraag lastig geval. Een man in besonder was deur 'n invloedryke opperhoof gestuur en sê: "Meneer, ons gebou staan klaar, die woning vir die onderwyser is gereed, my indoea sien uit na my terugkoms met sy onderwyser van hierdie vergadering. Ons moet een hê. As ek nie een kan saambring nie, wat moet ek my mense dan sê?" Geliefde leser, watter antwoord sou u daarop gee as u geen middele en geen mens sou hê om te stuur nie. Ons moet eenvoudig iemand vind en daarvir opofferings maak.

Een werker skryf in 'n brief: "Meneer, die mense, hulle val my lastig dag en nag, ek kry nie kans om te slaap nie, ek moet wakker bly en na hulle sit en luister. Een man wil my beeste vat en na sy kraal toe ja, sodat ek verplig sal wees om hom te volg en hulle die waarheid vertel. Maar, meneer, ek het regtig geen onderwyser om hulle te stuur nie. En ons sal tog iemand moet stuur; want daar is ses-en-tagtig in die hoordersklas daar."

Elke dag en elke week kom daar sulke roepstemme op elke stasie.

Laaste kampvergadering was daar een-en-twintig afsonderlike groepe afgevaardigdes. Hulle het meer as ses honderd mense verteenwoordig; hulle het persoonlik kom vra vir 'n onderwyser. Sal ons sulke roepstemme onbeantwoord laat? Broeders en susters, laat ons hierdie laaste roepstemme van ons dae beantwoord deur nog bietjie meer op te offer! *Ons moet hulle gehoor gee.*

H. M. SPARROW.



Omdat ons moet—

(7) Die Laste help dra

IN die laaste agtien maande is ons in ons appropriasies heel wat gekort. En om ons uitgawes binne die perke van ons inkomste te hou, moes ons die salarisse en lone laat afkom en party werkers ontslaan. Veral die laaste is 'n treurige feit as ons dink aan die werk wat nog gedaan moet word en aan die koms van die Here wat so op hande is. Die ontslae werkers is mismoedig en ook op die origes val die las nou dubbel swaar. Om u 'n idee te gee vertel ek u nou die ervaring van een van ons werkers wat ons deur gebrek aan fondse moes laat loop:

Hierdie naturel werker was gevestig op 'n plek waar die mense al lank om 'n onderwyser geroep het. Ses-en-veertig siele was daar alreeds in sy proeftydklas, toe die tyding kom dat ons hom nie langer kon aanhou en betaal uit die sendingklas nie. Die broeder besluit toe om 'n bestaan te probeer maak met visvang en dan tog togelyk die doopklas aan die gang probeer hou. Natuurlik was hy baie van huis met die gevolg dat die Roomse ingekom het en sy mense een vir een weggeneem het. Telkens as hy sy doopklas bymekaar roep, sien hy maar daar is weer van weg en op die ou end was algar verlore vir die saak van die Here en is ook hierdie broeder moedeloos geword en weggetrek.

U sien dus, broeders en susters, besnoeiing bring ontmoediging; die vooruitgang van die werk word gestrem en die koms van Christus vertraag. Ons lees in "Getuienisse," Deel IX, bld. 55:

"Onmiskienbaar bewyse wys uit dat die end naby is. Die pad moet bereid word vir die koms van die Vredvors. Laat ons gemeentelede nie kla nie, omdat hulle so herhaaldelik

gevra word om te gee. Wat maak hierdie herhaalde oproepe noodsaaklik? Is dit nie die vinnige groei van ons sendingwerk nie? Sal ons dan vergeet dat ons medearbeiders van die Here is? Elke gemeente behoort die Here ernstig te bid om die gees van toewyding en vrygewigheid. Broeders en susters, *moet tog nie pleit vir besnoeiing van die evangeliewerk nie.* Solank daar nog siele gered moet word, mag ons belangstelling in die redding van siele nie verslap nie. Die kerk kannie haar taak ligter maak sonder haar Meester te verloën nie."

Dink nou net, broeders en susters, deur ons middele vas te hou word die werk van die Here vertraag. *Ons pleit feitlik vir besnoeiing as ons die fondse wat die Here nodig het, vir onnsself hou.* Laat ek tog met u mag pleit om verder besnoeiing en ontmoediging te help voorkom, sodat die siele van mense nie verlore mag gaan nie. Ek weet van baie van ons mense wat uitgestel het om van hul middele te gee in die dae van voorspoed en *vandag het hulle alles verloor.* Geliefdes, as u vandag middele het, *sit dit uit in die bank van die hemel eer u dit verloor.* En op die manier sal u die koms van die Here verhaas. D. A. WEBSTER.

Helderberg Kollege

GRADUASIE NUUS

"Opwaarts"

FREDERICK FICKER

U HET Christus as u Heiland aangeneem en dit bewys deur die watergraf in te gaan. Nou wandel u in Sy voetstapen en sterf aldag aan die sonde. Met die apostel Poulus roep u uit: "Maar één ding doe ik, vergetende hetgeen achter is, en strekkende mij tot hetgeen voor is, jaag ik naar het wit, tot den prijs der roeping Gods, die van boven is in Christus Jezus." Fil. 3: 14.

Wat 'n geseënde ervaring! U ken daardie opgewektheid, blydschap en vrede wat alle verstand te bo gaan. U is op die pad na die hemel en u leuse is "Opwaarts," totdat u sal kom "tot die mate van die grootte der volheid in Christus." Ef. 4: 13.

Die lae vlaktes van 'n sondige lewe lê agter. Met die hulp van die Here klim u die berg van karaktervorming

op. Vriende, dit was op 'n berg dat die sterk versoeking van Satan die Here Jesus oorval het. Ook op u pad kom daar baie diep klowe van verontmoediging, baie rotse van versoeking. Alleenlik neem die vleuels van geloof en vlieg oor hierdie hinderpale; sê met Washington: "Ek behoort gladnie terug te sien nie of dit moet wees om nuttige lesse te put uit die foute van die verlede en om voordeel te trek uit die duurbetaalde ervaring."

Behoor 'n Christen ontmoedig te wees? Behoor iemand wat die Christelike wapenrusting dra, te praat oor of selfs te dink aan moed opgee? Nee, dit nooit nie. U is nou op pad hemel toe en het die kruis van Christus op u geneem; met die hulp van die Here moet u u loopbaan loop. Die Here Jesus het u voorgestaan, en Hy deur baie bitterder ervarings; Hy gaan u voor, Sy lig verlig u pad. Dank die Here, in Christus is u vry, niks kan u hinder om te wees wat u moet wees en die hemelstad op die top van die berg te bereik nie. Gelyk die Woord sê: "Maar wie volharder zal tot het einde, die zal zalig worden." Matth. 24: 13.



"In Sy Voetstap"

JOHN B. COOKS

CHRISTUS ons owerste Leidsman het die rowwe lewenspad voor ons uitgegaan. Niemand was ooit so versoek soos Hy nie. Die apostel Petrus het geweet dat Christus die lydingsweg gegaan het. Daarom roep hy ons, swak medereisigers, toe om "in Sy voetstap" te wandel.

In Sy jeug was die Here Jesus Sy aardse ouers onderworpe soos Hy Sy hemelse Vader gehoorsaam was. Volkomene onderwerping het elke daad van Sy lewe gekenmerk. "Nie Mij wil nie, maar U wil geskied," was Sy gebed. Nie alleen vir Homself maar vir die ganse mensheid het Hy baie ure in gebed deurgebring ten einde gemeenskap met die Vader te beoefen en krag te ontvang. In versoeking was Sy antwoord: "Daar is geskrywe" en so het Hy oorwin.

Hy het nie gekom om gediene te word nie maar om te dien. Hy het Sy dae bestee om lig en moed en lewe vir liggaam en siel te versprei. Sy barmhartigheid, liefde en medelye het die mense getrek. In elke mens het Hy 'n siel gesien wat vir die koninkrijk van God gewin moet word. Geen gehoor was vir Hom te

klein nie, geen mensekind so verlaag nie of Hy kon hom maak tot 'n kind van God.

Elkeen van Sy volgelinge lê die Here 'n kruis op. Dank die Here vir die voorreg dat ons die kruis Hom agterna mag dra en ons waardig geag word om te ly vir die Naam en die saak van ons Heer en Heiland.



Uit die Leier se Toespraak

EDWARD W. TARR

"VADERS, moeders, fakulteitslede, medestudente en vriende, die klas van 1932 roep u hartelik welkom toe.


"Ons meen nie dat die lesse verby is, sodra die skooldeure agter ons sluit nie. Waar ons verantwoordelikhede lê, daar sal ons aan die voete van die Meester sit.

Vanaand begin die opleiding wat van ons, na ons hoop, beter en edeler manne en vroue gaan maak. Die wêreld het behoefte aan manne wat kan dink en handelend optree—manne, met 'n vaste en konsensieuse oortuiging van reg en onreg; manne, on-

bewoë deur elke wind van leer; manne, met bepaalde uitsigte op die lewe en van wat die lewe kan beteken.

"Vandag besef ons hierdie behoefte van die wêreld en as die klas van 1932 gee ons antwoord op die roepstem om ons lewe te bestee in die diens van die mensheid. Dis ons doel om die talente wat die Here ons verleen, te gebruik en te ontwikkel om die siele te win en mense te bring tot die kennis van ons Here Jesus Christus, sodat hulle ook "in Sy voetstap" mag wandel.

"Waar die klas van 1932 in die wêreld van die lewenservaring uitgaan, neem ons nie hierdie stap met mismoedige gevoelens nie, want die toekoms word helder verlig deur die beloftes van die Here. Onder die leiding van Prins Immanuel en "in Sy voetstap" gaan ons uit, elkeen sy pad, met die versekering dat as ons aan ons roeping sal getrou bly, ons mekaar sal weersien en dan ons leerkursus sal vervolgt in die groot skool van die lewe hiernamaals."



n' Spesiale Boodskap aan ons Jongmense

N. C. WILSON

ONS verkeer in 'n tydperk van spesiale druk en beproewing van ons Jongmense. Waar ons al die jongmense in ons gemeentes ontmoet en hoor van hul moeilikhede, daar besef ons tereg dat die vyand van ons siele tot ons afgekome het en groot toorn het, want hy weet mos dat sy tyd kort word. (Openb. 12: 12.)

As Satan net daarin kan slaag om 'n groot aantal van ons jongmense op die een of ander manier te verlei, dan het hy die gemeente 'n groot hou toegedien. Veral nou hy die sonde so aantreklik maak en die sonde hom so onskuldig voordoen,—hy is mos 'n wolf wat in lamsklere rondloop!—het ons eers behoefte aan meerder wysheid en geestelike insig om te kies tussen goed en kwaad.

Die laaste maande het ek 'n spesiale las vir ons jongmense, 'n boodskap wat betref die probleme van die lewe waarmee ons jongmense worstel—en wel die noodsaaklikheid om besonder versigtig te wees in ons omgang met die wêreld en in die aanknoop van verbintenisse wat uiteindelik lei tot huwelike met mense wat nie ewe dierbare geloof deelagtig is nie. Geliefde jongmense, ek besef ten volle dat die vraagstuk van die

huwelik moeilik en delikaat is. Maar as ons bietjie verder in die lewe sien en die skipbreuke aanskou wat die gevolg is van verbintenisse met die wêreld deur die huwelik, dan kan mens nie help om 'n woord van raadgewing en van waarskuwing te uiter nie in die hoop dat hier en daar iemand dit sal aanneem en die rotse van die lewense sal misloop.

Ek glo dat ek nog voldoende bekend is met die verwagtinge en uitsigte van ons jongmense om hulle te kan verstaan en my met hulle in te leef in baie van hul probleme. Onder geen omstandighede sou ek in hierdie opsig buitensporig en fanatiek wil wees nie. Maar, geliefde jongmense, die gebroke harte, die verskeurende familielewe, die vernietigde verwagtings en vooruitsigte, die verlamde en beswaarde lewens wat die gevolg is van huwelike teen die duidelike uitsprake van die Heilige Skrif in, noodsaak my om 'n woord oor hierdie saak te sê en om die onafsienbaar leer van ons dierbaar jongmense te waarsku vir die gevolge wat nooit uitbly nie as mens hierdie verkeerde pad volg.

Waarom val ons dit so moeilik om te leer uit die ervaring van ander

The Southern
African Division Outlook

Published monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum
Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

W. B. COMMINS Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright President.
A. E. Nelson Secy.-Treas.
A. N. Tonge Medical Secy.
E. D. Dick Field and Educational Secy.
J. I. Robison S. S. and Miss. Vol. Secy.
L. A. Vixie H. M. and Field Miss. Secy.

wat ons voorgegaan het? Ons kan tog seker 'n les leer uit die ervarings van die ou Verbondsvolk Israël sowel as uit die ervarings van die kindere van die Here tot op die huidige dag. In die geskiedenis van albei kom seker geen les so duidelik uit nie as die vernietigende en vreeslike gevolge van die verkeerde huwelike waarby die kindere van die Here onder die kindere van die wêreld ingetrou het. Die Woord is vol dergelyke voorbeelde. Die geskiedenis van die Gemeente van Sewende-dag Adventiste lewer oervloedige getuënis; dit is tog nie nodig om bepaalde gevalle te noem nie, want as ons net 'n oomblik nadink, dan weet ons van baie sulke gevalle, hoe treurig hul ook is.

Die raad van die apostel Poulus wat hy in 2 Kor. 6: 14 gee, geld seker ook vir ons dae: "Trek nie 'n ander juk aan met die ongelowiges nie." In die ou dae het die Here die trouery met ongelowiges en met die van ander volke streng verbied. Ons lees in Deut. 7: 3-6: "Gij zult u ook met hen niet vermaagskappen; gij zult uwe dochters niet geven aan hunne zonen, en hunne dochters niet nemen voor uwe zonen. Want zij zouden uwe zonen van Mij doen afwijken, dat zij andere goden zouden dienen; en de toorn des Heeren zou tegen ulieden ontsteken, en u haast verdelgen." Hierdie woorde word nog verder toegelig deur wat die Gees van profesie daarby opmerk in "Testimonies," Vol. V, bld. 328: "Hier is positiewe aanwysings wat ook geld vir ons dae. Die Here praat met ons en dis Sy wil dat ons Hom sal verstaan en gehoorsaam." Met sulke duidelike uitsprake uit die Woord en uit die "Getuënisse" hoe kan ons so verblind wees en reguit ons moeilik-hede tegemoet wil gaan? Dis treurig

genoeg as die huisgesin oor godsdienstvaer verdeeld is as gevolg van veranderde sienswyse na die huwelik reeds gesluit is. Maar hoe ondenkbaar en hoe ontsettend treurig as ons jongmense hierdie verbode stappe neem, waar hulle tog in hul siel goed weet wat reg is en wat die gevolge van sulke huwelike is wat teen die Woord van God blindelings of moedswillig gesluit word!

Dink tog na oor hierdie hartroerende boodskap uit "Fundamentals of Christian Education," bld. 500:

"Christelike jongmense moet tog veral versigtig wees met wie hulle vriende maak en met wie hulle omgang soek. Wees op u hoede, anders sal datgene waarvan u nou dink dis suiwer goud, onedele metaal blyk te wees. Wêreldse omgang en wêreldse vriendskap is 'n hinderpaal op u pad in die diens van die Here. Baie siele is al ondergegaan deur ongelukkige verbindings,—in besigheid sowel as in die huwelik,—met die wat ons nooit kan verhef of veredel nie. Die kindere van die Here behoort hul nooit op verbode grond te waag nie. Die Here het die huwelik tussen gelowiges en ongelowiges verbied."

Bladys na bladys in die Gees van profesie en hoofstuk na hoofstuk in die Woord van die Here bevat waarskuwings en raadgewings vir ons om tog veral 'n afgesonderde en besondere volk te bly. Die Here het daarmee seker 'n besonder doel; dis tog nie alles by toeval nie. Die Sabbatsvraagstuk, die toestand van die dode, die Tweede Advent, of enig ander leerstelling kon tog ewegoed die plek van hierdie kwessie ingeneem het, maar nee, die Gees van profesie het gesien dat ons aan hierdie onderrig groot behoefte sou hê.

Geliefde jong vriende, dink tog ernstig na alvorens u hierdie raadgewings en waarskuwings wat die Here ons so genadig stuur, veronagsaam. Bereken tog die koste en dink tog sorgvuldig na oor hierdie vraagstuk. In toekomstige jare, ja, in al eeuwigheid sal u rede hê om bly te wees dat u dit gedaan het. Moenie speel met sulke heilige en gewigtige dinge as die huwelik nie. Dit geld u hele lewe en veral in geestelike dinge behoort daar eenheid en verstandhouding te wees. Hierdie vraagstukke moet mens biddend en met behoorlike eerbiediging van die raad wat die Here gee, ondersoek. Dan alleen kan ons seker wees dat die seën van die Here op so 'n belangrike en verantwoordelike stap sal rus.

Ons wil ons jongmense aanmoedig om die Woord en die Gees van profesie op hierdie punt noukeurig te ondersoek en ook met hul ouers en predikers te raadpleeg, sodat hulle planne kan maak wat die Here sal kan seën. Die toekoms is al te belangrik en al te onseker om risiko te loop. Dis beter om nou seker te wees as om later jammer te wees. En ons is alleen veilig as ons aan die kant van die Here staan.

✻ ✻

"RUWE stormen mogen woeden,
Alles om mij heen zij nacht,
God, mijn God zal mij behoeden,
God houdt voor mijn heil de wacht,
Moet ik lang zijn hulp verbeiden,
Zijne liefde blijft mij leiden:
Door een' nacht, hoe zwart, hoe dicht,
Voert Hij mij in 't eeuwig licht."

✻ ✻

"DIE aarde behoort aan die Here, en die volheid daarvan; die wêreld, en die wat daarin woon; want Hy het dit gegrond op die seë, en het dit gevestig op die riviere."

✻ ✻

"OP U hebben onze vaders vertrouwd; zij hebben vertrouwd en Gij hebt hen uitgeholpen." Ps. 22: 5.

Obituaries

DAVIDS.—Sister M. Davids passed away peacefully at 5 o'clock on the morning of September 15, 1932, at her home in Port Elizabeth, at the age of fifty years.

Sister Davids accepted the message under the labours of Elder McNeil, at Port Elizabeth, in 1923. She attended the Donkin Street church where she was loved and respected by old and young.

Our sympathies go out to her husband and five children. She was laid to rest in the blessed hope of rising in the first resurrection when the Life-giver comes.

C. S. PIKE.

ADONIS.—Catherine Adonis, nineteen years of age, passed away on Tuesday morning, September 27, 1932.

Sister Adonis was a member of the Athlone church. For years she lived a Christian life and was always an example to her companions. She was ill for eighteen days, and eventually succumbed to meningitis. She was laid to rest in Woltemade Cemetery, near her brother, Jacob, twenty-one years of age, who died of enteric fever just six months ago. They are sleeping in the blessed hope of the soon coming Saviour, who will unlock their graves by the trumpet's blast, and enable them to be caught up together in the air, and reign with Him throughout the ages of eternal bliss.

The writer officiated at the home and at the cemetery.

DERRICK J. F. WILLIAMS.